

## Inhoudsopgawe

## Bladsy

1.	Inleiding	2
2.	Die benadering tot onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch	3
3.	Jaarlikse onderrig- en leergeleentede aan die Universiteit Stellenbosch	4
4.	Voortgesette steun vir onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch	6
4.1.	Fakulteitspesifieke steun vir onderrig en leer	6
4.2.	Algemene steun vir die onderrigfunksie	8
4.3.	Geleentede om ervarings uit te ruil en onderrig te bespreek	9
4.4.	Steun vir onderrignavorsing	10
5.	Kwalifikasies met betrekking tot onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch	10
6.	Dokumente wat onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch in meer besonderhede beskryf	12
7.	Belangrike institusionele strukture vir onderrig en leer	14
8.	Ander bronne van ondersteuning vir die drie rolle van die akademikus	17
9.	Algemene inligting (Jaarboeke, Telefone, Fasiliteitsbestuur, Roosters en Lokaalbesprekings)	18
10.	Lys van afkortings en akronieme	19
11.	Aanlyn-hulpbronne vir dosente	20



Hierdie teken dui geleentede vir opleiding / werksinkels by US aan.



Hierdie teken dui netwerk-geleentede aan.

### Neem asseblief kennis:

Raadpleeg asseblief die webwerwe soos aangedui vir die nuutste inligting.

Elektroniese weergawe van hierdie gids beskikbaar by:

<http://www0.sun.ac.za/ctl/af/category/onderrig-en-leer-hulpbronne/>

Kommentaar of vrae?



claudias2@sun.ac.za

# 1. Inleiding

Akademici se rol aan die Universiteit Stellenbosch bestaan uit drie kernelemente: onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie.

Die Universiteit Stellenbosch is inklusief, innoverend en toekomsgerig: 'n plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbendes kennis bevorder.

## **Visie 2030 word soos volg omskryf:**

*Die Universiteit, as 'n 21ste-eeuse instelling, speel 'n leidende rol in die skep van 'n gevorderde samelewing.*

- *Inklusiwiteit konsentreer op individue se talente en bydraes;*
- *innovasie handel oor die noodsaak om veral die uitdagings van 'n meer volhoubare toekoms kreatief die hoof te bied;*
- *studente en akademici wy hul energie aan die skep van die toekoms deur waagmoedige pogings om hedendaagse probleme en kwessies daadwerklik te hanteer;*
- *ontdekking geskied deurdat teorie en praktyk in die opvoedingsproses verweef word,*

*en die Stellenbosch-ervaring lewer denkleiers op wat groter insig het in wêreldkwessies, hul kreatiewe vermoëns innoverend ontsluit om probleme op te los, en sinvol optree om die samelewing deur kennis te dien.*

*Dit alles gebeur binne die konteks van die transformasie van die US om toekomsfiks en wêreldwyd mededingend te wees.*

## **Bron: Visie 2030 van die Universiteit Stellenbosch**

(Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018:7; **beskikbaar op die PRONTAK SunLearn module: 'Dokumente van belang vir Onderrig en Leer aan US'**)

Hierdie kitsgids fokus op een van bogenoemde elemente, naamlik onderrig. Onderrig is 'n opwindende en vervullende deel van 'n akademikus se lewe. Om 'n generasie ontvanklike intellekte voor te berei om in die behoeftes van ons samelewing te voorsien, bring dosente voor baie en uiteenlopende uitdagings te staan.

Die doel van hierdie boekie is om die Universiteit se benadering tot onderrig en leer aan jou bekend te stel. Dit sal jou op die spoor van nuttige bronne van inligting, advies en ondersteuning vir jou rol as dosent bring en jou ook help om jou weg deur die plaaslike beleidsdoolhof te baan. Hierdie publikasie handel slegs oor universiteitswye inisiatiewe, so raadpleeg asseblief die SOL adviseur in jou fakulteit en jou fakulteitsbestuur vir inligting oor fakulteitspesifieke projekte.

## 2. Die benadering tot onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch

Die Universiteit se Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná (2000:12) beskryf die onderrigvisie van die instelling as “’n Universiteit wat gekenmerk word deur onderrig van gehalte en die voortdurende vernuwing van onderrig- en leerprogramme en die skepping van effektiewe leergeleenthede/studiegeleenthede”.

Sonder onderrig van gehalte sal dit onmoontlik wees om hierdie oogmerke te verwesenlik. Die Universiteit erken die kernrol van onderrigpersoneel om Visie 2030 te verwerklik, en stel daarom ’n premie op die bevordering, erkenning en beloning van goeie onderrigpraktyk.

### Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021

Die benadering tot onderrig aan die Universiteit Stellenbosch word in die instelling se Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021 vervat. Hierdie strategie is op sy beurt gegrond op die aanvanklike onderrig- en leerstrategie van 2002, wat die Universiteit se visie met betrekking tot onderrig soos volg beskryf:

*’n Universiteit wat gekenmerk word deur onderrig van gehalte en die voortdurende vernuwing van onderrig- en leerprogramme en die skepping van effektiewe leergeleenthede/studiegeleenthede.*

Hierdie strategie word gerig deur die US se visie van graduandi wat dié instelling graag wil oplewer. Dit beoog ’n US-studenteleerervaring wat deur die formele en informele kurrikulum sowel as ko-kurrikulêre aktiwiteite gevorm word.

Die kernelemente van die strategie [is] die eienskappe van graduandi waarmee die Universiteit sy studente wil toerus,

- die algehele leerervaring waardeur studente hierdie eienskappe behoort te ontwikkel,
- en die vyf strategiese prioriteite vir 2014–2018 wat die leerervaring moet ondersteun
- sodat hierdie eienskappe wél gerealiseer word.

Vir die doeleindes van hierdie strategie verwys die begrip “eienskappe van graduandi” na: daardie eienskappe, vaardighede en sienings wat ’n universiteitsgemeenskap verwag sy studente gedurende hul tyd by die instelling moet verwerf. Hierdie eienskappe sluit in, maar strek ook verder as, die dissiplinêre kundigheid of tegniese kennis wat tradisioneel die kern van die meeste universiteitskursusse uitmaak. Dit is eienskappe wat gegradueerdes ook toerus om as agente ten goede van die gemeenskap op te tree in ’n onbekende toekoms (vertaling van Bowden et al. 2000, aangehaal in Barrie 2006:217).

As skepper van volhoubare hoop in Afrika, streef die US daarna om die soort omstandighede te skep wat elke student sal in staat stel om ’n ondersoekende gees te ontwikkel en ’n betrokke burger, ’n dinamiese professionele persoon en ’n afgeronde individu te word.

Die Universiteit sal slegs sy gegradueerdes kan help om ondersoekende, betrokke, dinamiese, professionele sowel as afgeronde individue te word indien sy onderrig- en leerreëlins asook die reëlins wat alle aspekte van die studente-ervaring rig, met só ’n visie strook.

Om dít te bereik, word die volgende vereis:

**Kritiese en vakkundige dosente wat**

- by verskeie vorme van vakkundigheid betrokke is; en
- selfondersoekend is sowel as ontvanklik vir nuwe idees.

**Deelnemingsgerigte kurrikulumontwerp wat**

- die buitewêreld na die klaskamer bring; en
- aktueel en selfvernuwend is.

**Dinamiese aanbieding wat**

- innoverend en buigsaam is; en
- 'n wye verskeidenheid media doelmatig aanwend.

**'n Verrykte kampservaring wat**

- leer uit diverse oogpunte fasiliteer; en
- 'n verskeidenheid leerkontekste voorsien en aanmoedig.

**Om [hierdie] visie te bereik, is die volgende vyf strategiese prioriteite bepaal:**

- Die professionalisering van die vakkundige onderrigrol
- Die realisering van die eienskappe van graduandi aan die Universiteit Stellenbosch
- 'n IT-verrykte leermodel
- Bevordering van die akademiese en sosiale integrasie van 'n diverse studentekohort  
Programvernuwing

### **3. Jaarlikse onderrig- en leergeleenthede aan die Universiteit Stellenbosch**



**PRONTAK-program**



Die Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici (PRONTAK) is 'n semester-lange program van Junie tot November wat gebruik maak van 'n kombinasie van gesentraliseerde en fakulteitsgebaseerde aktiwiteite wat in verskillende fases ingedeel is. Die doel van hierdie program is om nuwe dosente te help om die verwagtinge en eise van hoër onderwys, veral op universiteit, te verstaan. Dit vertolk universiteitsonderwystendense en -beleide op 'n akademies nougeseette en gepaste manier vir die US-omgewing. Dosente vind gedurende die jaar baat by interaktiewe en ervaringsleer saam met kollegas uit hul eie en ander vakrigtings.

**Kontak: Claudia Swart (claudias2@sun.ac.za)**



**Konferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL)**

Hierdie interne konferensie oor onderrig en leer word as 'n “viering van onderrig” aangebied en vind aan die begin van die Oktober-eksamentyd plaas. Die geleentheid, waar genooide gassprekers optree, bied akademici 'n unieke geleentheid om die resultate van hul innovasie en navorsing oor onderrig met ander te deel. Bydraes by die konferensie handel oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe wat met die

akademieskap van onderrig en leer, onderriginnovasie en klaskamernavorsing verband hou. Sommige akademici gaan verder en deel hulle werk tydens die jaarlikse HELTASA konferensie. (*Die Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa* (HELTASA) is 'n professionele organisasie vir opvoeders en ander rolspelers in die tertiere sektor. Besoek hulle webwerf by: <http://heltasa.org.za/>)

**Kontak: Claudia Swart (claudias2@sun.ac.za)**

**Webwerf: <http://www0.sun.ac.za/sotl/?lang=af>**

### Pre-konferensie werksinkels

Die pre-konferensie werksinkels word die dag voor die aanvang van die AvOL-konferensie (sien bo) aangebied. Die werksinkels handel oor verskeie aktuele kwessies en sake van belang op onderrig- en leergebied en word slegs vir US-akademici aangebied. Dosente word aangemoedig om as medefasiliteerders van werksinkels oor onderwerpe van hul keuse op te tree.

**Kontak: Claudia Swart (claudias2@sun.ac.za)**

### Fakulteitsgebaseerde geleenthede



Onderrigdae word aangebied in fakulteite.

**Kontak: SOL-fakulteitsadviseur:**



Fakulteit	Adviseur	E-pos
AgriWetenskappe	Charmaine van der Merwe	Cvandermerwe@sun.ac.za
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Gert Young	gyoung@sun.ac.za
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Jean Farmer	jeanlee@sun.ac.za
Ingenieurswese	Karin Wolff	wolff.ke@gmail.com
Krygskunde	Nicoline Herman	Nherman@sun.ac.za
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Karin Cattell	kcattell@sun.ac.za
Natuurwetenskappe	Hanelie Adendorff	hja@sun.ac.za
Opvoedkunde	Anthea Jacobs	jacobsa@sun.ac.za
Regsgeleerdheid	Claudia Swart	claudias2@sun.ac.za
Teologie	Melanie Peterson	mpeter@sun.ac.za

### CHEC-kortkursusse



Die Kaapse Hoërondewyskonsortium (CHEC) bied 'n aantal kortkursusse oor onderrig- en leerverwante onderwerpe aan. Hierdie kortkursusse word gesamentlik deur die vier openbare



hoërondewysinstellings in die Wes-Kaap gefasiliteer. Elke kortkursus bestaan uit persoonlike kontakssessies sowel as aanlyn kontak wat meestal oor 'n tydperk van vier weke plaasvind.

**Contact: Gert Young (gyoung@sun.ac.za)**

## 4. Voortgesette steun vir onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch

### Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL)



Ons **visie** is om 'n kennisvenoot te wees wat die onderrig- en leerkultuur by Universiteit Stellenbosch op so 'n wyse verhoog wat 'n regverdigde samelewing in Suid-Afrika bevorder.

Ons **missie** is om professionele leergeleenthede vir akademiese personeel in fakulteite te skep en om denkleiers op die gebied van deelnemende, innoverende en akademiese onderrig en leer te wees.

#### Strategiese prioriteite:

- Skep professionele leergeleenthede vir akademiese personeel in alle fakulteite;
- Skep geleenthede vir akademiërs om meer reflektief en navorsings-georiënteerd met betrekking tot hulle onderrig te raak
- Bevestig die waarde en bevorder die status van onderrig;
- Dra by tot die verwesenliking van die US eienskappe van die graduandi in die kurrikulum;
- Ontwikkel 'n kritiese massa van onderrig en leer kenners in elke fakulteit;
- Bou die akademiese ontwikkelingskapasiteit van SOL personeel.

#### Professionele ontwikkeling van akademiese personeel is die hoeksteen van al ons werk en ons bied die volgende geleenthede / ondersteuning aan:

- Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademiërs (PRONTAK) (sien bladsye 4 en 10)
- Akademieskap van Onderrig en Leer Konferensie (AvOL) (sien bladsy 4)
- Eienskappe van 'n Graduandi projek (institusionele kurrikulum herontwerp program)
- Studente terugvoerstelsel (sien bladsye 8 en 13)
- Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO) (sien bladsy 10)
- US Onderriggenootskappe (sien bladsy 10)
- Auxins (sien bladsy 9)
- CHEC kortkursusse (sien bladsy 5)
- Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys in Onderrig en Leer (NG Dip)(HO)(O&L) (sien bladsy 11)
- Institusionele beleidsontwikkeling en interpretasie met betrekking tot onderrig en leer (sien bladsy 12)
- Navorsingsprojekte (sien bladsy 10)
- Kapasiteit-bou-programme vir die algemene akademiese ontwikkelingspersoneel

### 4.1. Fakulteitspesifieke steun vir onderrig en leer

#### SOL-adviseurs in fakulteite

As deel van die herstrukturering van die verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor (Leer en Onderrig) is SOL in 2013 deels gedentraliseer om US-dosente meer doeltreffend te kan ondersteun. Die volgende SOL-adviseurs is aan fakulteite toegedeel, hoewel hulle steeds by die universiteitswyse onderriggeleenthede van die Sentrum betrokke is:

<b>Fakulteit</b>	<b>Adviseur</b>	<b>E-pos</b>
AgriWetenskappe	Charmaine van der Merwe	cvandermerwe@sun.ac.za
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Gert Young	gyoung@sun.ac.za
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Jean Farmer	jeanlee@sun.ac.za
Ingenieurswese	Karin Wolff	wolff.ke@gmail.com
Krygskunde	Nicoline Herman	nherman@sun.ac.za
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Karin Cattell	kcattell@sun.ac.za
Natuurwetenskappe	Hanelie Adendorff	hja@sun.ac.za
Opvoedkunde	Anthea Jacobs	jacobsa@sun.ac.za
Regsgeleerdheid	Claudia Swart	claudias2@sun.ac.za
Teologie	Melanie Peterson	mpeter@sun.ac.za

### **Sentrum vir Leertegnologieë (SLT)**

Die eLeer- en Webstudies-span maak deel uit van die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT). Navrae oor leertegnologieë kan gerig word aan:

JP Bosman (Direkteur): [jpbosman@sun.ac.za](mailto:jpbosman@sun.ac.za)

Sonja Strydom: [sonjas@sun.ac.za](mailto:sonjas@sun.ac.za)

### **Die SOL-adviseurs in fakulteite bied dosente die volgende pasgemaakte steunstelsels:**

#### **Klasbesoeke**

Dosente kan 'n klasbesoek van die SOL-adviseur in hulle fakulteit aanvra, of van [sol@sun.ac.za](mailto:sol@sun.ac.za) indien hulle fakulteit nie 'n adviseur het nie. Hulle kan dit herhaaldelik doen om die meeste moontlike waarde uit hierdie groeiegeleentheid te put. Die klasbesoek word gevolg deur 'n bespreking en skriftelike verslag. SOL beskou die verslag as vertroulik en stel dit slegs aan die dosent self beskikbaar. Dosente kan wel besluit om die verslag vir hulle eie doeleindes te gebruik.

**Kontak: SOL-fakulteitsadviseur of [sol@sun.ac.za](mailto:sol@sun.ac.za)**

#### **Konsultasies**

Die SOL-adviseurs konsulteer graag met akademici oor enige onderrig- en leerverwante kwessie – van 'n klaskamersituasie tot die herontwerp van 'n module of selfs 'n hele program. Konsultasies oor onderrigverwante navorsingsprojekte word ook verwelkom.

**Kontak: SOL-fakulteitsadviseur of [sol@sun.ac.za](mailto:sol@sun.ac.za)**

#### **Tutor/tutorkoördineerder-opleiding**

SOL bied ondersteuning vir die ontwerp en fasilitering van tutorprogramme op versoek van departemente en/of tutorkoördineerders. Tutoropleiding word deur die tutorkoördineerders in fakulteite hanteer.

**Kontak: SOL-fakulteitsadviseur of [sol@sun.ac.za](mailto:sol@sun.ac.za)**

## 4.2. Algemene steun vir die onderrigfunksie

### Studenteterugvoer

Die studenteterugvoerstelsel is 'n institusionele inisiatief met die oogmerk om onderrig te ondersteun en te bevorder. Die stelsel verskaf aan onderrigpersoneel vertroulike verslae oor hoe studente modules, dosente en programme ervaar. Sodoende help dit dosente om oor hul eie onderrig na te dink en dit te verbeter, en verskaf dit inligting wat modulespanne en departemente met besluite oor hul onderrigbenaderings kan help. Dosente word aangemoedig om die dosenteterugvoervorm in te vul wat die dosent se ervaring en die aard van die leergeleenthede aandui. Op dié manier kan studenteterugvoer meer holisties vertolk word. Studenteterugvoer kan nou ook elektronies bekom word. Dosente kan verslae sien op die Sun-e-HR webblad onder 'Verslae'. Besoek <http://www0.sun.ac.za/hr/> en teken in.

**Kontak: Melanie Petersen (mpeter@sun.ac.za) of Veronica Beukes (vfbeukes@sun.ac.za)**

### Tutor/tutorkoördineerder-opleiding

Raadpleeg asseblief die inligting onder "Fakulteitspesifieke steun vir onderrig en leer".

### Gemengde leer

Met die aanvaarding van die IKT-strategie (2013) en die Strategie vir Onderrig en Leer (2013) het die Universiteit Stellenbosch hom daartoe verbind om die leerervaring vir alle studente te verryk deur die waarde van 'n tegnologieryke leeromgewing toe te voeg.

Dus word fakulteite aangemoedig om benaderings te oorweeg waardeur tegnologie naatloos by onderrig-, leer- en assesseringspraktyke geïntegreer kan word. Uit 'n pedagogiese oogpunt bly dit egter noodsaaklik dat tegnologie bloot pedagogie ondersteun en nie kurrikulumontwerp bepaal nie, en daarom word 'n benadering van gemengde leer aanbeveel.

Gemengde leer word op allerhande verskillende maniere omskryf, en dit word dikwels in die literatuur as omstrede beskou. Die Sentrum vir Leertegnologieë vind veral Krause (2007) se sienings nuttig om die begrip van gemengde leer te probeer verduidelik:

Gemengde leer word bereik in onderrig- en leeromgewings waar verskillende vorme van aanbidding, onderrigmodelle en leerstyle doeltreffend geïntegreer word danksy die aanvaarding van 'n strategiese en stelselmatige benadering tot tegnologiegebruik in kombinasie met die beste kenmerke van persoonlike interaksie (eie vertaling van Krause, 2007, soos aangehaal in Bath & Bourke, 2010).

Om ook ander omskrywings in aanmerking te neem, kan ons verwys na die aspekte wat Sharpe, Benfield, Roberts en Francis (2006:18) reken met gemengde leer verband hou:

- Chronologie: sinchrone en asinchrone intervensies
- Aanbidding: verskillende vorme (persoonlike en afstandsonderrig)
- Gerigtheid: instruktorsgerig teenoor leerdergerig
- Fokus: erkenning van verskillende doelwitte
- Lokus: praktykgebaseerde teenoor klaskamergebaseerde leer



- Pedagogie: verskillende pedagogiese benaderings
- Rolle: multidisiplinêre of professionele groeperings
- Tegnologie: vermenging van (webgebaseerde) tegnologieë

Wat duidelik hieruit blyk, is dat gemengde leer nie net oor die regte vermenging van tegnologieë of uitgebreide studentetoegang tot leergeleenthede gaan nie, maar eerder vereis dat krities besin word oor die herbeoordeling en herontwerp van die verband tussen leer en onderrig. Daarom is dit nie 'n proses om bestaande vakkundige inhoud in 'n nuwe vorm aan te bied nie, maar eerder om 'n "omgewing van transformasie" te skep waarin kreatiewe, kritiese en komplekse leervaardighede ontwikkel kan word (Garrison & Kanuka, 2004:99).

**Besoek die volgende webwerf vir artikels en voorbeelde van dosente wat gemengde leer suksesvol in hulle klasse toegepas het:**

**<http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/learning-technologies/knowledge/resources>**

**Die volgende basiese leertegnologieë word aan die US ondersteun:**

SUNlearn: leerbestuurstelsel (Moodle)

Telematiese dienste: satellietuitsendings met mobiele en webgebaseerde interaksie

Potgooi: Camtasia Relay

Stroming en webgebaseerde samewerking: Google Hangouts (word tans ontwikkel)

**Kontak die Sentrum vir Leertegnologieë:**

**SUNlearn: [learn@sun.ac.za](mailto:learn@sun.ac.za) | 021 808 3938 | <http://learn.sun.ac.za>**

**Potgooi: Thys Murray | 021 808 9194 | [thysm@sun.ac.za](mailto:thysm@sun.ac.za)**

**Gemengde leer en telematiese dienste:**

**JP Bosman: [jpbosman@sun.ac.za](mailto:jpbosman@sun.ac.za)**

**Sonja Strydom: [sonjas@sun.ac.za](mailto:sonjas@sun.ac.za)**

**Lianne Keiller: [lkeiller@sun.ac.za](mailto:lkeiller@sun.ac.za)**

**Opleiding: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/learning-technologies/for-faculties-lecturers/training-workshops>**



### **4.3. Geleentede om ervarings uit te ruil en onderrig te bespreek**

Benewens die jaarlikse AvOL-konferensie word akademië aan die Universiteit Stellenbosch drie unieke geleenthede gebied waar hulle hul onderrigervarings en -inisiatiewe kan uitruil en daaroor besin:

#### **Auxin-projek**



Die Auxin-projek wil groeigeleenthede vir dosente skep deur innoverende onderrig- en assesseringspraktyke uit te ruil. Hierdie groeigeleenthede begin met "Padkossessies" gedurende die etensuur van die laaste Dinsdag van elke maand in semestertyd.

**Kontak: Anthea Jacobs ([jacobsa@sun.ac.za](mailto:jacobsa@sun.ac.za))**

**Webwerf: <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/support-for-lecturers/auxin-2/>**



### **PRONTAK-minikonferensie**

Die PRONTAK-deelnemers van elke jaar word genooi om hul onderrigervarings van die jaar by 'n geslote PRONTAK-minikonferensie met mekaar te deel.

**Kontak: Claudia Swart (claudias2@sun.ac.za)**

## **4.4. Steun vir onderrignavorsing**

### **Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO)**

Hierdie opwindende fonds, wat in Mei 2005 gestig is, bevorder 'n kultuur van innovasie en refleksie deur 'n navorsingsgebaseerde benadering tot onderrig en leer aan te moedig. Akademici wat daarin belang stel om hul onderrig te verbeter of om navorsing oor onderrig in hul vakrigting te onderneem, kan om steun van tot R50 000 aansoek doen. FINLO staan twee maal per jaar, in Mei en November, befondsing aan dosente, departemente of programme toe.

**Kontak: Jean Farmer (jeanlee@sun.ac.za)**

### **Onderriggenootskappe**

Die US-onderriggenootskapskema is bedoel om prestige en steun aan uitgesoekte akademici te verleen om vir 'n vasgestelde tydperk op onderrig en die akademieskap van onderrig te konsentreer. Die program is 'n uitstekende geleentheid om kundigheid oor onderrig en leer op fakulteits- of departementele vlak te konsolideer en uit te brei.

**Kontak: Cecilia Jacobs (jacobsc@sun.ac.za)**

### **Skryfgeleenthede**

SOL bied gewoonlik een of meer skryfgeleenthede gedurende die jaar aan waar ontvangers van FINLO-befondsing en/of ander akademici wat klaskamernavorsing onderneem, kan werk aan referate of artikels wat op hul projekte geskoei is.

**Kontak: Jean Farmer (jeanlee@sun.ac.za)**



### **Werkswinkels oor onderrignavorsing**

Werkswinkels oor onderwerpe soos die skryf van voorstelle en opsommings, hoe om jou opvoedkundige navorsing gepubliseer te kry en hoe om met opvoedkundige navorsing te begin, word voor die jaarlikse AvOL-konferensie en, op versoek, ook in fakulteite aangebied.

**Kontak: SOL-fakulteitsadviseur of sol@sun.ac.za**



## **5. Kwalifikasies met betrekking tot onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch**

Kontak asseblief die persone aangedui vir die nuutste inligting:

## **MPhil in Hoër Onderwys**

Die primêre doelwit is om deelnemers toe te rus met die kennis, vaardigheid en ingesteldheid om as professionele hoëronderwyspraktisyne optimaal te funksioneer in hul onderskeie instellings. Die sekondêre doelwit is om die deelnemers met navorsingsvaardighede toe te rus sodat hulle deur gevorderde studie en navorsing vir hulself 'n loopbaan in hoër onderwys (as akademici/*scholars*) kan verseker.

**Kontak: Prof Liezel Frick (blf@sun.ac.za)**

## **MPhil in Onderwys en Opleiding vir Lewenslange Leer**

Die primêre doelstelling is die bemagtiging en kapasiteitsontwikkeling van opleiers en leerfasiliteerders wat by lewenslange leer (basiese onderwys en opleiding, gemeenskapsonderwys, voortgesette professionele onderwys) betrokke is, deur dinamiese en relevante opleiding. Daarbenewens voorsien ons in die behoefte aan effektief-opgeleide opleiers vir volwasseneonderwys en lewenslange leer. Die program stel deelnemers in staat om in voortgesette professionele onderwys, gemeenskapsonderwys of basiese volwassene onderwys en opleiding te spesialiseer. Tweedens word opleiers en leerfasiliteerders met vaardighede bemagtig wat hulle in staat stel om 'n deeglike navorsingsgrondslag vir lewenslange leer te ontwikkel. Verder word nagraadse studie en navorsing op die gebied van lewenslange leer aangemoedig.

**Kontak: Prof Liezel Frick (blf@sun.ac.za)**

## **MPhil in Gesondheidswetenskappeonderwys**

Die program is ontwikkel deur 'n interdisiplinêre span van die Fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Opvoedkunde en die Sentrum vir Onderrig en Leer met die fokus op 'n interdisiplinêre gemeenskapsgebaseerde benadering wat van toepassing is op Afrika. Behalwe die een kontakweek per jaar, sal die program grotendeels deur middel van tegnologie aangebied word. Studente sal geassesseer word deur middel van werksopdragte wat uitvoerbaar is in hulle eie werkomgewing en wat dus die teorie en praktyk relevant en nuttig sal maak in hulle eie omstandighede.

**Kontak: Prof Susan van Schalkwyk (scvs@sun.ac.za)**

## **NGDip in Hoër Onderwys in Onderrig en Leer**

Die Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys in Onderrig en Leer [NGDip (HO) (O&L)] word gesamentlik deur die Universiteit Stellenbosch, die Universiteit Weskaap en die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie ("CPUT") aangebied. Die program het ten doel om die gehalte van onderrig en leer aan Suid-Afrikaanse universiteite te verhoog en 'n vakkundige en professionele benadering tot ontwikkeling in die veld van universiteitsonderrig te bevorder.

Die diploma word deelyds oor twee jaar aangebied. Dit bestaan uit drie kernmodules – *Teaching and Learning in Higher Education*, *Assessment in Higher Education*, en *Research for Enhancing Teaching and Learning* – en een keusemodule. Die keusemodule word uit 'n verskeidenheid opsies wat gespesialiseerde kwessies in onderrig en leer in hoër onderwys aanspreek, gekies, waaronder *ICTs for Teaching and Learning*, *Academic Leadership and Management* en *Postgraduate Supervision*.

**Kontak: Gert Young (gyoung@sun.ac.za)**

## **6. Dokumente wat onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch in meer besonderhede beskryf**

### **Die Onderrig- en Leerverslag**

Hierdie verslag moet jaarliks die volgende vraag beantwoord: In watter mate verwesenlik die Universiteit sy missie vir onderrig en leer wat die studente- en dosenteprofieel en die institusionele omgewing betref?

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Beleide en verbandhoudende dokumente**

Die Universiteit beskik oor 'n verskeidenheid bykomende beleide en riglyne wat daarop toegespits is om onderrig en leer van gehalte en belyning tussen onderrigaktiwiteite en die Universiteit se visie en missie te rig en te fasiliteer. Die lys hier onder bied 'n algemene oorsig van die vernaamste beleids- en riglyndokumente oor onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch.

### **Strategie vir Onderrig en Leer**

Hierdie dokument sit 'n strategie vir onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch uiteen met die oog daarop om die Universiteit se visie, soos dit in ander beleidsdokumente verskyn, in werking te stel. Meer bepaald is dit veronderstel om die koers aan te dui sodat die Universiteit die gestelde doelwit sal kan bereik om een van die toonaangewende universiteite in Suid-Afrika te bly – ook op onderrig- en leergebied.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Beleid oor Leermateriaal**

Hierdie beleid steun die gebruik van onderrig- en leermateriaal op so 'n manier dat dit leer van gehalte bevorder. Dit bepaal watter maatreëls getref moet word ter ondersteuning van dosente om die strewes in die beleid te verwesenlik sowel as om aan nasionale regulasievereistes te voldoen.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Assesseringsbeleid**

Die doel van hierdie beleid is om 'n raamwerk te bied waarbinne assesseringspraktyke aan die Universiteit as geldig, betroubaar en regverdigbaar bewys kan word. Die beleid is daarop gerig om ons praktyke met 'n leegerigte, uitkomsgebaseerde benadering te versoen, en bied 'n duidelike stel maatstawwe vir doeltreffende assessering.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Vroeëassesseringsprotokol**

Die protokol bied 'n inleiding tot die doel van vroeë assessering, 'n verduideliking van die proses, en leiding met vroeëassesseringspraktyk.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Beleid met betrekking tot die hantering van Plagiaat**

Die Senaat het in 2010 'n beleid met betrekking tot die hantering van plagiaat aanvaar. Die doel is om te verseker dat plagiaat verantwoordelik en billik hanteer word. Dit moedig die gebruik van teenplagiaatsagteware soos Turnitin aan om leergeleenthede te skep waardeur studente goeie skryf- en verwysingsvaardighede kan aanleer. Die benadering maak voorsiening vir 'n ontwikkelingsaspek en stel departemente in staat om sekere gevalle van vermoedelike plagiaat op departementele vlak te hanteer.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Reglement vir interne en eksterne moderering en die afhandeling van uitslae**

Hierdie dokument beskryf die prosedure vir die moderering van assessering aan die Universiteit.

**Beskikbaar by:**

[http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Administrative\\_Divisions/INB/Tuisblad/Dokumentasie1/Dokumentasie\\_US\\_Beleid](http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Administrative_Divisions/INB/Tuisblad/Dokumentasie1/Dokumentasie_US_Beleid)

### **Taalbeleid en -plan**

Die Taalbeleid wil 'n gunstige leer- en onderrigomgewing tot voordeel van studente help skep. Die Taalplan sit die moontlike taalopsies vir gebruik in onderrig- en leermodules uiteen. Let daarop dat die taalopsie van elke module in die akademiese jaarboek aangedui word.

**Beskikbaar by:** <http://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Language.aspx>

### **Beleid oor Studenteterugvoer**

Hierdie beleid beskryf die Universiteit se benadering tot en die doel van studenteterugvoer sowel as die verskillende prosesse en prosedures vir die insameling en gebruik van sulke data.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Strategie vir die Gebruik van IKT in Leer en Onderrig aan die Universiteit Stellenbosch**

Hierdie strategie beskryf die Universiteit se benadering en verbintenis tot die gebruik van IKT's om die tradisionele onderwysmetodologieë en -benaderings in 'n meer kontemporêre, oop, responsiewe en buigsame leerstelsel te omskep. Dit bied verskillende modelle vir die gebruik van IKT's sowel as voorbeelde van huidige gebruik.

**Beskikbaar op die PRONTAK SunLearn module onder: 'Dokumente van belang vir Onderrig en Leer aan US'.**

### **Beleid oor die Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL)**

Hierdie beleid beskryf die Universiteit se standpunt oor die assessering en erkenning van vorige leer, asook die tersaaklike prosedures en prosesse.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

### **Beleid oor Gemeenskapsinteraksie**

Hierdie beleid beoog om die Universiteit se interaksie met die gemeenskap te struktureer en te versterk en om alle vorme van interaksie op 'n stelselmatige en gekoördineerde wyse te bestuur. Dit moedig burgerlike verantwoordelikheid onder studente aan en bied leiding met die inwerkingstelling van gemeenskapsprogramme, die koppeling van gemeenskapsaksie en vakkundigheid, en die integrasie van gemeenskapsinteraksie by die kurrikulum.

**Beskikbaar op die PRONTAK SunLearn module onder: 'Dokumente van belang vir Onderrig en Leer aan US'.**

## **Pligte en Verantwoordelikhede van Programkoördineerders en Programkomiteevoorsitters**

Hierdie dokument beskryf die rolle en verantwoordelikhede van programkoördineerders en programkomiteevoorsitters in die fakulteite.

**Beskikbaar by:**

**[http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Administrative\\_Divisions/INB/Tuisblad/Dokumentasie1/Dokumentasie\\_US\\_Beleid](http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Administrative_Divisions/INB/Tuisblad/Dokumentasie1/Dokumentasie_US_Beleid)**

## **Riglyne aangaande die US se Verlengde Graadprogramme**

Hierdie dokument, wat onlangs deur die Senaat goedgekeur is, omskryf die aard en doelwitte van die verlengde graadprogram (VGP). Dit beklemtoon die grense waarbinne VGP's ontwerp en bedryf moet word en bied 'n uiteensetting van voorgestelde verantwoordelikhede vir die verskillende rolspelers.

**Beskikbaar by:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/beleide-riglyne-verslae/>

**Ander dokumente / beleide beskikbaar op die PRONTAK SunLearn module onder:  
'Dokumente van belang vir Onderrig en Leer aan US' sluit in:**

*Guideline for Academic Literacy*

Integrasie van die 3 rolle van 'n akademikus

US Strategiese Raamwerk

US Verwelkomende Kulture

SU Research Policy

SU Institusionele Plan

*Embedding of graduate attributes in the mainstream curriculum*

## **7. Belangrike institusionele strukture vir onderrig en leer**

### **Institusionele komitees**

Die Senaat het twee belangrike subkomitees ingestel wat aangeleenthede met betrekking tot onderrig en leer hanteer: die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO), wat algemene onderrig- en leerkwessies hanteer, en die Akademiese Beplanningskomitee (ABK), wat programspesifieke sake behartig. Fakulteite beskik ook oor hul eie onderrig- en leerkomitees, wat onder etlike verskillende name funksioneer.

### **Onderrig- en leerstrukture**

Alle onderrig- en leerfunksies aan die Universiteit Stellenbosch ressorteer onder die Viserektor (Leer en Onderrig), prof Arnold Schoonwinkel, wie se verantwoordelikhedsentrum daarom draai om akademiese sukses voortdurend uit te bou en die nodige steun aan akademië en studente te verskaf. Die algemene klem in hierdie omgewing is op onderrig- en leerbestuur, die ontwikkeling van onderrigbeleid, onderriggehalteversekering, die bestuur van studente-inskrywings, studentesake, steun aan studentebestuurstrukture en taalbestuur, veral die inwerkingstelling van meertaligheid. Verskeie afdelings binne hierdie verantwoordelikhedsentrum werk ten nouste met die tien fakulteite saam om 'n verwelkomende kultuur vir alle studente en personeel te help skep, om te verseker dat alle studente dieselfde mate van sukses behaal en om dosente se klasgee-ervaring te verryk. Tegnologie word op vindingryke wyse aangewend om die doeltreffendheid van leer en onderrig te verhoog.

Die sentrums in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking is van die allergrootste belang om die akademikus se onderrigfunksie te ondersteun.

**Webwerf:** <http://www.sun.ac.za/afrikaans/management/general-management/leer-en-onderrig>

### **Afdeling Leer- en Onderrigverryking**

Hierdie afdeling, waaronder die Sentrum vir Onderrig en Leer, die Taalsentrum en die Sentrum vir Leertegnologieë ressorteer, werk saam met fakulteite om kontekstspesifieke navorsingsgebaseerde antwoorde op verskeie vraagstukke oor onderrig en leer te ontwikkel en uit te ruil. Samewerking met fakulteite sluit gesprekke oor die volgende in:

- Die verryking van die onderrig- en leerervaring vir akademici en studente
- Professionele leer van akademici
- Die ontwikkeling, vestiging en uitruiling van innoverende onderrig- en leerpraktyk
- Die bevordering van individuele sowel as institusionele meertaligheid
- Akademiese geletterdheid en taalleer deur verskeie benaderings
- Taaldienste soos vertaling, redigering en tolking
- Die aanwending van leertegnologieë om die reikwydte en rykheid van leeraktiwiteite vir sowel residensiële as pendelstudente te verbeter

**Kontak: Dr Antoinette van der Merwe, Senior Direkteur ([advdm@sun.ac.za](mailto:advdm@sun.ac.za))**

**Webwerf:** <http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/Pages/default.aspx>

### **Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) (sien punt 4)**

SOL streef daarna om die onderrig- en leerkultuur aan die Universiteit Stellenbosch op so 'n wyse te bevorder dat dit 'n regverdig en billike samelewing help skep. Die Sentrum beskou sy rol as dié van kennisvenoot van US-personeel, en wil hierdie visie verwezenlik deur denkleiers op die gebied van responsiewe, innoverende en vakkundige onderrig te wees en deur akademiese personeel van geleenthede vir professionele leer te voorsien.

**Kontak: Dr Nicoline Herman, Waarnemende Direkteur ([nherman@sun.ac.za](mailto:nherman@sun.ac.za))**

**Webwerf:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/>

### **Die Taalsentrum**

Die Taalsentrum voorsien in die taal- en skryfbehoeftes van studente en personeellede. Die steunaanbod van die Sentrum sluit in gevorderde opleiding in verskillende aspekte van dokumentontwerp, algemene taalnavrae, kursusse in taal en akademiese geletterdheid binne die kurrikulum, kursusse in Afrikaans, en redigeer- en vertaaldienste.

**Kontak: Dr Kim Wallmach, Direkteur, [kimwallmach@sun.ac.za](mailto:kimwallmach@sun.ac.za)**

**Website:** <http://www0.sun.ac.za/taalsentrum/>

**Opleiding: sien webwerf: Kortkursusse**



## Die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) (sien ook 4.2)

Die Sentrum vir Leertegnologieë bevorder, ontwikkel en ondersteun die gebruik van leertegnologieplatforms vir leer en onderrig aan die Universiteit.

Die fokusgebiede van die Sentrum sluit die volgende in:

- Telematiese dienste, wat nagraadse programme weg van die kampus deur middel van interaktiewe satellietuitsendings en webtegnologie ondersteun
- Adviesdienste aan fakulteite oor die doeltreffende gebruik van leertegnologieë binne 'n benadering van gemengde onderrig en leer
- Opleiding en gebruikersondersteuningsdienste met betrekking tot die tegnologieplatforms
- Professionele multimedia-, videokonferensie- en mobielevideo-opnamedienste

Deur hierdie fokusgebiede en dienste streef die Sentrum daarna om die rykheid en reikwydte van US-studente se leerervaring te bevorder en om die onderrigpersoneel en fakulteite in hul strewe na akademiese programme van gehalte by te staan.

**Kontak: Dr JP Bosman, Direkteur (jpbosman@sun.ac.za)**

**Webwerf: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/learning-technologies/Pages/default.aspx>**

### Ander sentrums wat onderrig- en leerverwante dienste bied:

(Meer inligting oor die sentra hieronder gelys is beskikbaar op die US Onderrig en Leer webblad: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/bestuur/bestuurspan/leer-en-onderrig>)

- **Afdeling Studentesake**
  - ✓ Sentrum vir Studentestrukture en -gemeenskappe
  - ✓ Sentrum vir Studentevooriging en -ontwikkeling (SSVO)
- **Afdeling Voornemende Studente en Loopbaanadvies**
  - ✓ Sentrum vir Studentewerwing
  - ✓ Beurse en Lenings
  - ✓ Sentrum vir Toelating & Koshuisplasing
  - ✓ Kontak- en Kliëntedienssentrum
- **Afdeling Akademiese Administrasie**
  - ✓ Institusionele Registrateursfunksies
  - ✓ Studente Administrasie - Stellenboschkampus
  - ✓ Studente Administrasie - Tygerbergkampus
  - ✓ Studente Administrasie - Bellvillekampus
- **Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning (INB)**
  - ✓ Institusionele Navorsing
  - ✓ Akademiese Beplanning & Gehalteversekering
  - ✓ Studente Inligtingstelsels
  - ✓ Institusionele Inligting



## 8. Ander bronne van ondersteuning vir die drie rolle van die akademikus

### Afdeling Gemeenskapsinteraksie

Hierdie afdeling bevorder gemeenskapsinteraksie en diensleer aan die Universiteit Stellenbosch deur vennootskappe met gemeenskappe te smee en te bestuur. Gemeenskapsinteraksie fasiliteer samewerking tussen gemeenskappe en die Universiteit, en voorsien die middele waarmee albei partye daadwerklik kennis kan opdoen en van mekaar kan leer. Die Afdeling bied ook 'n kortkursus in gemeenskapsinteraksie en diensleer aan.



**Kontak: Dr Antoinette Smith-Tolken, Senior Direkteur (asmi@sun.ac.za)**

**Webwerf: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/ci/Pages/Division-for-Community-Interaction>**

**Opleiding: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/ci/service-learning/what-is-a-service-learning-module>**

### Afdeling Navorsingsontwikkeling

Hierdie afdeling ondersteun en bevorder navorsing deur advies en inligting oor navorsingsfinansiering te voorsien en vermoëbouwerk sessies aan te bied.

**Kontak: Therina Theron, Senior Direkteur (ttheron@sun.ac.za)**

**Webwerf: <http://www0.sun.ac.za/research/?lang=afrikaans>**

### Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning

Hierdie afdeling is 'n samevoeging van die voormalige Afdeling Akademiese Beplanning en Gehalteversekering en die Afdeling Strategiese Beplanning. Funksies sluit in die koördinerende van akademiese beplanning en gehalteversekering op institusionele vlak, die instandhouding van die Inligtingskafeteria en Inligtingsbestuurstelsel (IBS), die onderneming van institusionele navorsing, die bedryf van die HEMIS-kantoor en die behartiging van die Universiteit se amptelike skakeling met die Departement van Onderwys, die Raad op Hoër Onderwys, die Kaapse Hoëronderwyskonsortium en ander statutêre liggame.

**Kontak: Prof Ian Cloete, Senior Direkteur (ic@sun.ac.za)**

**Webwerf: [http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Administrative\\_Divisions/INB/Tuisblad](http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Administrative_Divisions/INB/Tuisblad)**

### Universiteit Stellenbosch Biblioteek

Die Biblioteek spog met 'n uitgebreide versameling gedrukte en aanlyn hulpbronne. Daarbenewens bied dit, deur middel van vakbibliotekaris, pasgemaakte en toegewyde ondersteuning om toegang tot hulpbronne te gee en inligtingsgeletterdheidsaktiwiteite by modules te integreer.



**Fakulteitsbibliotekaresse: <http://library.sun.ac.za/Afrikaans/aboutus/contactus/Pages/fbs.aspx>**

**Algemene webwerf: <http://library.sun.ac.za/afrikaans/Pages/default.aspx>**

**Opleiding: <http://library.sun.ac.za/Afrikaans/services/Pages/training.aspx>**

## Informasietegnologie

Informasietegnologie bied algemene rekenaarsteun met betrekking tot hardeware- en sagtewarepakkette, asook opleidingskursusse vir sekere sagtewarepakkette.

**Webwerf:** <http://infoteg.sun.ac.za/>

**Foutaanmelding:** <http://infoteg.sun.ac.za/help/callog.htm>

**Algemene navrae:** <http://infoteg.sun.ac.za/help/servicedesk.htm>

**Opleiding:** <http://infoteg.sun.ac.za/help/training.htm>



## 9. Algemene Inligting

### Jaarboeke

Die Universiteit Stellenbosch jaarboeke bevat inligting met betrekking tot die Universiteit se beleide en reëls, studentegelde en beurse.

In die **Algemene Jaarboek** is inligting rondom toelating en registrasie, eksamens aan die universiteit, beleidsake en dissiplinêre aksies (onder andere) ingesluit.

**Fakulteit jaarboeke** bevat gedetailleerde inligting rondom programme en die fakulteit self insluitend toelating- en hertoelating vereistes, programinhoud, slaagvereistes, ens.

**Aanlyn beskikbaar:** <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx>



### **Post Graduate and International Office**

*The purpose of the PGIO is to create a focused support service platform to promote postgraduate studies and the success of postgraduate students; and to support and promote the incoming and outgoing international academic mobility of staff and students.*

**Webwerf:** <http://www0.sun.ac.za/international/>

**Opleiding:** <http://www0.sun.ac.za/international/current-students/postgraduate-students/postgraduate-skills/workshops-and-courses-pgskills.html>



### **Menslike Hulpbronne**

Die Afdeling Menslike Hulpbronne fokus op professionele en vaartbelynde dienslewering tot voordeel en ondersteuning van die Universiteit Stellenbosch se strategiese inisiatiewe, waaronder die optimale ondersteuning van die bestuur van sy mensekapitaal.

**Webwerf:** <http://www0.sun.ac.za/hr/af/>

**Opleiding:**

<http://www0.sun.ac.za/hr/af/personeelontwikkeling/vaardigheidsontwikkelingswerkinkels/>

**Verlof:** Doen aanlyn aansoek vir verlof en kry 'n verslag oor aantal verlof beskikbaar: teken in op die Sun-e-HR webwerf (sien adres bo), en gaan na SUN Employee Self Service)

### **Telefone**

Navrae rondom nuwe telefone of telefoonnommers word deur die IT afdeling hanteer.

**Webwerf:** <http://infoteg.sun.ac.za/communicate/telephone.htm>

### **Fasiliteitsbestuur**

Die eenstopdiens-hulptonbank dien as sentrale aanmeldingspunt vir alle behoeftes, tekortkominge en dienste met betrekking tot ruimtebeplanning, bouprojekte, instandhouding, terreindienste, nutsdienste, risikobestuur en kampussekuriteit, omgewingsvolhoubaarheid en ander ondersteuningsdienste.

**Webwerf:** <http://www0.sun.ac.za/fasiliteitsbestuur/index-afrikaans.htm>

## **Akademie Administrasie: Roosters en lokaalbesprekings**

Die afdeling is verantwoordelik vir die koördinerings van die samestelling van die klas-, toets- en eksamenroosters en vir die opstel en publikasie van die finale roosters. Voorts is die afdeling ook oorhoofds verantwoordelik vir lokaalbesprekings vir voorlesings en tutoriale; bespreking van lokale vir ad hoc-gebruik deur groepe van binne en buite die Universiteit; asook vir die optimalisering van lokaalgebruik tydens hoë frekwensie-gebruikstye.

<http://admin.sun.ac.za/admin/AcadAdmin/new/roosters.htm>

## **10. Lys van afkortings en akronieme**

Die hoër onderwys wemel van die afkortings. Hier is 'n paar wat aan die Universiteit Stellenbosch en landwyd gebruik word en dikwels in tekste oor die onderwerp voorkom:

### **Aan die US**

ABK:	Akademie Beplanningskomitee
DHOO:	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
EA:	Eerstejaarsakademie
EAK:	Eerstejaarsakademiëkomitee
FINLO:	Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig
IF:	Institusionele Forum
IT:	Informasietegnologie
KLO:	Komitee vir Leer en Onderrig
LOK:	Leer en onderrigkoördineringspunt
PAK:	Programadvieskomitee
RBS:	Rektor se Bestuurspan
SAS:	Studente- en Akademie Steun
SOL:	Sentrum vir Onderrig en Leer
SSVO:	Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling
SVS:	Sentrum vir Voornemende Studente
TM@SU:	Teaching Matters @ Stellenbosch University
UK(R):	Uitvoerende Komitee van die Raad
UK(S):	Uitvoerende Komitee van die Senaat
VGP:	Verlengde graadprogram
VR(L&O):	Viserektor (Leer en Onderrig)

### **Algemener afkortings**

CHEC:	Kaapse Hoëronderwyskonsortium
DvO:	Departement van Onderwys
EVL (AEVL) ("RPL"/"ARPL"):	Erkenning van vorige leer (assessering en erkenning van vorige leer)
HOGK ("HEQC"):	Hoëronderwysgehaltekomitee
HOKR ("HEQF"):	Hoëronderwyskwalifikasieraamwerk
NKR ("NQF"):	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
RHO:	Raad op Hoër Onderwys
SAKO ("SAQA"):	Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
SGB:	Standaardeontwikkelingsliggaam

## 11. Aanlyn-hulpbronne vir dosente

Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) se webwerf bevat waardevolle inligting en ons is tans besig om 'n nuwe webwerf te ontwerp in samewerking met die akademici van die SU.

**Webwerf:** <http://www0.sun.ac.za/ctl/af/>

**Dosente mag dalk die volgende nuttig vind:**

### **Fakulteit spesifieke hulpbronne**

Die artikels in hierdie versameling is gekies omdat hulle interessante en/of nuwe aspekte van onderrig en assessering in onderskeie velde illustreer. Alhoewel sommige artikels oor onderrig in 'n spesifieke dissipline handel, is hulle ingesluit aangesien hul benadering ook van toepassing op ander terreine kan wees. Voorbeelde van artikels deur akademici van die Universiteit Stellenbosch oor onderrig en assessering op hierdie terreine is ook ingesluit.

**<http://www0.sun.ac.za/ctl/af/onderrig-en-leer-hulpbronne/fakulteit-spesiefik/>**

### ***DeLTA cycle (work in progress)***

*The DeLTA (Design for Learning, Teaching and Assessment) cycle is an interactive electronic resource that aims to equip lecturers for and guide them through the process of designing opportunities for optimal student learning.*

**<http://www0.sun.ac.za/ctl/teaching-learning-resources/delta-cycle/>**

### **Artikels**

Verskeie artikels wat fokus op Leer en Onderrig in die klaskamer is beskikbaar op die SOL webwerf. Onderwerpe sluit in interaktiewe groot klasse, dissipline in die klaskamer, aktiewe leer, ens.

**<http://www0.sun.ac.za/ctl/teaching-learning-resources/delta-cycle/>**

**Internasionale nuusbriewe wat nuttig kan wees:**

### **Tomorrow's Professor**

*The eNewsletter seeks to foster a diverse, world-wide teaching and learning ecology among its over 58,000 subscribers at over 900 institutions and organizations in over 100 countries around the world.*

**<https://tomprof.stanford.edu/>**

### **Faculty Focus**

*Faculty Focus consist of a free e-newsletter and dedicated website that publishes articles on effective teaching strategies for the classroom — both face-to-face and online.*

**<http://www.facultyfocus.com/>**